

10 Februarie 1 Samuel 1:9-19, (Teks. 1:12-16)

Die hart van 'n priester

Hoeveel ore moet 'n mens hê om werklik die snik van 'n ander te hoor? Dit kan die persoon in nood langs jou wees. Dit kan ook iemand soos Hanna wees - die vrou wat met al die opgekropte hartseer, teleurstelling, verwonding van jare, daardie dag haar hart voor God in die tempel kom uitstort het. Van alle mense sou jy tog verwag dat 'n priester - 'n hoëpriester nogal - hierdie bedroefde vrou in haar prewelende gebedshouding moes verstaan het! In die Ou Testament moes 'n priester tog iemand wees met ore van die hart wat soos God se ore probeer hoor. God se ore neig volgens Psalm 40 vers 2 na die diepte waar Hy mense in hulle nood hoor roep. Die ironie van hierdie geskiedenis is egter dat juis Eli, die priester van hierdie barmhartige God, aanvanklik niks begryp van Hanna se hartseer nie Hy sien haar vir 'n dronk mens aan!

Teen die donker agtergrond van hierdie Ou Testamentiese priester se onvolkomenheid en onverskilligheid, straal die lig van ons enigste Hoëpriester, Jesus Christus, des te helderder uit die Skrif. Goddank! Daar is 'n Priester wat al jou en my eensaamheid, onvervuldheid, teleurstellings, wanhoop, pyn en versoekings verstaan soos geen ander nie. "Daar is niemand in die hemel of op die aarde onder die skepsels wat groter liefde vir ons het as Jesus Christus nie." So bely ons in die pragtige Artikel 26 van ons Nederlandse Geloofsbelydenis. Kom ons stort deur die Heilige Gees ons hart voor Hóm uit totdat dit léég voor Hom is. Hierdie Middelaar wat só 'n oneindige liefde vir ons het, sal elke sug en snik opvang en dit, gereinig deur sy bloed, tot voor die Vader bring.

Sing Psalm 40:1

Dr. P.P. Kruger (Meyerspark)